INDEPENDENT
CORPORATE RECOVERY ADVISORS

Independent Trustees (Edms) Bpk (Reg No 2002/025164/07)
Blaauwklipkantoorpark Blok 2 Vlak 1 Webersvalleiweg Jamestown
Stellenbosch 7600 (Ook te Randburg)
Posbus 820 Stellenbosch 7599
Telefoon: (021) 880 5400
Internasionaal: (+27) 21 880 5400
Faks: (021) 880 5430
Webwerf: www.corprecover.co.za

**AAN ALLE BEKENDE SKULDEISERS**

U verw:
Ons verw: **R PIETERS / S DANEEL**
Direkte lyn: **021 – 880 5400**
Direkte faks: **021 – 880 5430**
Selfoon: **082 376 9690**
Direkte e-pos: **rynettep@corprecover.co.za**
Datum: **05 MEI 2006**

Geagte Meneer / Mevou

**A H ENGELBRECHT (SNR) & SEUNS BOERDERY (EDMS) BEPERK (IN LIKWIDASIE)**
**MEESTERSVERWYSINGSNOMMER : C350/2005**

Ons verwys na bogenoemde aangeleentheid en heg hierby die Likwidateurs se Verslag aan, asook die Voorgestelde Besluite, wat aanvaar moet word by die Tweede Vergadering van Skuldeisers. Hierdie vergadering gaan gehou word voor die Landdros, Vredendal, op Dinsdag, 16 Mei 2006 om 10h00.

Ons bevestig daar is geen gevaar van 'n kontribusie nie en skuldeisers word dus aanbeveel om so gou moontlik hul voltooiide eisdokumente by ons kantoor in te dien.

Die uwe
**INDEPENDENT TRUSTEES (EDMS) BPK**

**R PIETERS (MEV)**
**Namens LIKWIDATEURS**

Direkteure:
JF Klopper B Com B Proc R Pieters B Econ LDR Van der Merwe B Com LLB
MJ Maseko B Juris LLB HA Plaatjies B Juris LLB

**A H ENGELBRECHT (SNR) & SEUNS BOERDERY (EDMS) BEPERK (IN LIKWIDASIE) ("die Maatskappy")**

**REGISTRASIENOMMER : 2000/023555/07**

**MEESTERSVERWYSINGSNOMMER : C350/2005**

**VERSLAG VAN DIE LIKWIDATEURS, JOHANNES FREDERICK KLOPPER *en* VUSUMZI LUCAS MATIKINCA, IN TERME VAN ARTIKEL 402 VAN DIE MAATSKAPPYEWET 61 VAN 1973, SOOS GEWYSIG ('DIE WET") WAT TER TAFEL GELÊ SAL WORD OP DIE TWEEDE VERGADERING VAN SKULDEISERS TE DIE LANDDROSHOF, VREDENDAL, OP DINSDAG, 16 MEI 2006 OM 10H00**

---

**HOFBEVEL EN VERGADERINGS**

1. 'n Bevel vir die voorlopige likwidasie van A H Engelbrecht (Snr) & Seuns (Edms) Beperk ("die Maatskappy") is op 16 Augustus 2005 op aansoek van " Die Applikant Trust – IT3432/200" namens die Trustees, Adriaan Herman Engelbrecht (Jnr) N.O., Jan Pieter Engelbrecht N.O., Julian Andre Du Toit N.O., Barend Jacobus Engelbrecht N.O., en Adriaan Herman Engelbrecht (Snr) N.O., onder Saaknommer 7539/2005 deur die Hooggeregshof van Suid-Afrika (Provinsiale Afdeling Kaap die Goeie Hoop) toegestaan.

   Die voorlopige bevel is op 08 Desember 2005 finaal gemaak.

   Die Meester van die Hooggeregshof, Kaapstad, het Johannes Frederick Klopper en Vusumzi Lucas Matikinca as Voorlopige Likwidateurs aangestel ingevolge Sertifikaat van Aanstelling Nommer C350/2005 gedateer 05 September 2005.

2. Die eerste vergadering van skuldeisers is op 14 Februarie 2006 by die Landdroshof te Vredendal gehou. Geen eise is by die vergadering voorgelê en bewys nie.

3. Daar is nie tydens die vergadering gestem nie en die Meester van die Hooggeregshof, Kaapstad, het die Voorlopige Likwidateurs se aanstelling finaal gemaak ingevolge Sertifikaat van Aanstelling Nommer C350/2005 gedateer 19 April 2006.

## GESKIEDENIS EN ONTSTAAN VAN DIE MAATSKAPPY

4. Volgens die Registrateur van Maatskappye is die Maatskappy onder Registrasienommer 2000/023555/07 ingelyf. Die Maatskappy het hoofsaaklik van hul perseel te Plaas Kapel, Klawer, Distrik Vanrhynsdorp, besigheid gedoen.

## GEREGISTREERDE ADRES

5. Die geregistreerde adres van die Maatskappy was Matzikamastraat 16, Vredendal, Wes-Kaap.

## DIREKTEURE EN AANDEELHOUERS

6. Dit blyk uit ons ondersoeke dat die enigste aandeelhouer van die Maatskappy was die Applikant Trust – IT3432/2000.

## DIE SAKE VAN DIE MAATSKAPPY

7. Die Maatskappy het as ‘n boedery op die Plaas Kapel, Klawer, Distrik Vanrhynsdorp, bedryf.

## OUDITEURE

8. Die ouditeure vir die Maatskappy was Claasen Stone Rekenmeesters op Vredendal, Wes-Kaap.

## VERMOËSTAAT

9. Die direkteure van die Maatskappy het die Likwidateurs nie van ‘n Vermoëstaat voorsien nie soos vereis deur Artikel 363 van die Wet, maar sal binnekort van een voorsien.

## ARTIKEL 402(a): FINANSIËLE STAAT VAN BATES EN LASTE

10. Die bates en laste van die Maatskappy soos op datum van likwidasie word hieronder uiteengesit. Tensy anders vermeld, verteenwoordig die syfers hieronder die geskatte waardes van die bates en laste en is die syfers onderworpe aan verandering afhangende van die eise wat vir bewys voorgelê sal word.

| BATES | BEDRAG [R] | BEDRAG [R] |
|---|---|---|
| **<u>Roerende Eiendom</u>**<br><br>Toerusting en voertuie - ongeveer<br>Gevorderde bedrag van opbrengs van oes - ongeveer | | 750 000,00<br>70 000,00 |
| **SUBTOTAAL** | | **R820 000,00** |
| **LASTE** | **BEDRAG [R]** | **BEDRAG [R]** |
| **<u>Versekerde Skuldeisers</u>**<br>Sessie ten opsigte van NLK – ongeveer<br>Geperfekteerde Noteriële Verband ten gunste van Kynoch – ongeveer | 400 000,00<br><br>160 000,00 | |
| | | |
| **<u>Preferente Skuldeisers</u>**<br>Ontvanger van Inkomste - ongeveer | R400 000,00 | |
| | | |
| **<u>Konkurrente Skuldeisers</u>**<br>Handelskrediteure - ongeveer | R7 500 000,00 | |
| | | |
| ***TEKORT*** | | ***R7 640 000,00*** |
| **TOTAAL** | **R8 460 000,00** | **R8 460 000,00** |

**<u>NOTAS</u>**

Indien Sigfin (Edms) Beperk en Windhoek Boerdery nie hul eise onttrek nie, sal die totale laste die bedrag van ongeveer R14 000 000,00 beloop.

Ons is tans in die proses om verdere opbrengste van oeste te vorder.

**<u>ARTIKEL 402(b): OORSAKE VAN DIE MAATSKAPPY SE ONDERGANG</u>**

11. Volgens die Beëdigde Verklaring ingedien en ondersoeke geloods, sluit die hoofredes vir die Maatskappy se finansiële probleme in as volg:

    11.1 Die rand het versterk wat swakker pryse te weeg gebring het;

    11.2 Groot kapitaal uitbreidings is gedoen nadat groot uitvoer kontrakte bekom is;

11.3 Die siekte toestand van die enigste aandeelhouer en sy vermoë om die besigheid te bestuur.

Bogenoemde omstandighede het tot die Maatskappy se likwidasie ondergang gelei.

**ARTIKEL 402(c): VERSLAG AAN DIE MEESTER IN TERME VAN ARTIKEL 400(2) VAN DIE MAATSKAPPYEWET**

12. Op grond van die inligting wat tans aan ons beskikbaar is, is ons nie voornemens om 'n verslag by die Meester in te dien nie. Sou dit later nodig blyk te wees, sal sodanige verslag by die Meester ingedien word.

**ARTIKEL 402(d): PERSOONLIKE AANSPREEKLIKHEID VAN DIE DIREKTEUR EN/OF OPENBARE BEAMPTE(S)**

13. Dit is op hierdie stadium nog nie duidelik of die voormalige direkteure van die Maatskappy persoonlik verantwoordelik vir die skulde van die Maatskappy gehou kan word nie. 'n Verslag sal ingedien word indien dit nodig word. Ondersoeke in hierdie verband word voortgesit.

**ARTIKEL 402(e) : REGSGEDINGE**

14. Na die beste van ons medewete is daar geen regsgeding deur of teen die Maatskappy ingestel wat deur die likwidsie van die Maatskappy opgeskort is, of wat teen die Maatskappy aanhangig is of dreig nie, behalwe aksies met betrekking tot die invordering van skuld.

**ARTIKEL 402(f): ONDERVRAGING**

15. 'n Verdere verslag sal volg of 'n ondervraging met betrekking tot die Maatskappy gehou sal word.

**ARTIKEL 402(g): BOEKE EN REKORDS**

16. Die Maatskappy se boeke en rekords is aan ons oorhandig.

**ARTIKEL 402(h): VOORUITSIGTE VAN DIVIDENDE**

17. Dit is duidelik uit die voorafgaande uiteensetting van die bates en laste van die Maatskappy dat daar 'n moontlikheid van dividende aan skuldeisers is.

**ARTIKEL 402(i): SAKE WAT DIE VERDERE RIGLYNE VAN DIE SKULDEISERS VERLANG**

18. Die voorgestelde besluite ten einde die Likwidateurs in staat te stel om die administrasie van die sake van die Maatskappy te finaliseer, is in die aangehegte konsepresolusies uiteengesit (nommers 1 – 13) en sal tydens die tweede vergadering van skuldeisers tesame met hierdie verslag voorgelê word vir oorweging en aanvaarding. Krediteure word gevra om hierdie besluite te aanvaar ten einde die verdere administrasie van die Maatskappy in likwidasie te laat voortgaan.

**ALGEMEEN**

1. In die lig van onlangse kritiek aangaande Likwidateurs fooie en 'n uitspraak in die Hoerhof van Appel wat in Januarie 2005 gerapporteer is, ag ons dit toepaslik om ons standpunt onder u aandag te bring dat die Meester van die Hoogeregshof die Likwidateurs fooi moet takseer in ooreenstemming met die tarief soos uiteengesit in terme van Artikel 384(1) van die Maatskappye Wet, maar die Meester mag die bedrag verhoog of verlaag deur die tarief toe te pas, in sy/haar diskresie as daar goeie rede is om dit te doen.

2. Die oorheersende bepalings van bogenoemde uitspraak is dat die vergoeding wat 'n Likwidateur op geregtig is, vergoeding is vir werk of dienste verrig, nie 'n vasgestelde kommissie nie en dit moet redelik wees.

3. Die tarief dien as 'n vertrek punt vir die bepaling van die gepaste fooie. As taksasie voltooi is, het die Meester 'n buigbare diskresie om die bedrag van vergoeding te verhoog of verlaag.

4. Die konsep van "good cause" is baie wyd en daar is niks in die Wet wat aandui dat dit geinterpreteer moet word om enige faktore uit te sluit wat relevant is in die vasstelling van wat redelike vergoeding vir 'n Likwidateur se dienste in die omstandighede van elke aangeleentheid is nie.

5. Die faktore wat relevant is, verskil van saak tot saak, maar mag vanselfsprekend die volgende aspekte insluit:

5.1 die ingewikkeldheid van die spesifieke boedel;
52. die graad van ingewikkeldheid ondervind deur 'n Likwidateur in die administrasie van die boedel;
5.3 die hoeveelheid werk gedoen deur 'n Likwidateur en **die tyd spandeer deur haar/hom in die uitvoering van haar/sy pligte.**

6. As daar met die administrasie van ‘n boedel spesifieke moeilikhede ondervind word deur ‘n Likwidateur as gevolg van die aard van die bates of ander eienskappe wat verband hou met die administrasie, sal dit ongetwyfeld neerkom op “good cause” wat die Meester die reg gee om die tarief vir vergoeding te verhoog.

7. In die lig van bogenoemde, het ons onderneem om tydstate te hou vir die werk wat deur ons en ons personeel gedoen word en om sodoende die Meester te stuur in die rigting van bogenoemde riglyne en ons is in die proses om deeglike tydstate op te stel wat dan aan die Meester voorgele sal word wanneer die rekening ingedien word.

8. Ons wil ook onder u aandag bring dat die Hoerhof van Appel beslis het in die gerapporteerde uitspraak dat ‘n uurlike fooi van R1800,00 vir ‘n Likwidateur gebaseer op ondervinding en kwalifikasies van die partye in die saak nie onvoldoende sal wees nie. Vir u inligting adviseer ons dat die kostes vir onsself en ons personeel gebaseer sal wees op die tarief as vertrek punt met inaggenome die ondervinding van ons personeel.

**GETEKEN TE STELLENBOSCH OP HIERDIE DAG VAN MEI 2006**

________________________________

**JOHANNES FREDERICK KLOPPER**
**LIKWIDATEUR**

**GETEKEN TE KAAPSTAD OP HIERDIE DAG VAN MEI 2006**

________________________________

**VUSUMZI LUCAS MATIKINCA**
**LIKWIDATEUR**

**PER ADRES: INDEPENDENT TRUSTEES (EDMS) BEPERK**
**POSBUS 820**
**STELLENBOSCH**
**7599**

**TELEFOON: 021 - 880 5400**
**TELEFAKS: 021 - 880 5430**

**A H ENGELBRECHT (SNR) & SEUNS BOERDERY (EDMS) BEPERK (IN LIKWIDASIE) ("die Maatskappy")**

**REGISTRASIENOMMER : 2000/023555/07**

**MEESTERSVERWYSINGSNOMMER : C350/2005**

# BESLUITE

**VOORGESTELDE BESLUITE OM TER TAFEL GELÊ TE WORD OP DIE TWEEDE VERGADERING VAN SKULDEISERS, WAT BELÊ IS OM GEHOU TE WORD VOOR DIE LANDDROS, VREDENDAL, OP DINSDAG, 16 MEI 2006 OM 10h00**

---

## HIERMEE WORD DIE VOLGENDE BESLUIT:

1. Die verslag van die Voorlopige Likwidateurs en/of Likwidateurs ("die Likwidateurs") soos voorgelê, word aanvaar en hul handelinge soos daarin genoem, word goedgekeur en bekragtig.

2. Alle vorige handelinge, van welke aard ookal, deur die Likwidateurs word hiermee goedgekeur en bekragtig.

3. Die magte soos vervat in Artikel 386(4)(a)-(i) van die Maastkappyewet Nr. 61 van 1973, soos gewysig, ("die Wet") word hiermee aan die Likwidateurs toegeken en hierdie magte kan uitgevoer word in die uitsluitlike en absolute diskresie van die Likwidateurs.

4. Die Likwidateurs word hiermee gemagtig om in hul uitsluitlike en absolute diskresie:

   4.1 Regsadvies te bekom met betrekking tot enige regsaangeleentheid wat op die administrasie en distribusie van die bates van die Maatskappy betrekking het;

   4.2 Namens die Maatskappy enige regsgeding van 'n siviele aard aanhangig te maak of te verdedig ten einde gelde verskuldig aan die Maatskappy te vorder of andersyds om enige strafregtelike regsaksie van stapel te stuur

onderhewig aan die bepalings van enige wet wat verband hou met strafregtelike prosedures;

4.3 Die hou van ondersoeke of ondervragings aangaande die sake van die Maatskappy of enige ander relevante aangeleentheid;

4.4 Ondersoek in te stel na en regsaksie in te stel vir die tersydestelling van enige vernietigbare of onbehoorlike voorkeure, vervreemdings sonder teenwaarde van enige eiendom of enige ander vernietigbare transaksie en om dit ter enige tyd te abandoneer;

4.5 Die boeke van die Maatskappy op te skryf soos vereis mag word, en indien nodig, om ‘n balanstaat, geoudit of nie, op te stel, soos op datum van likwidasie, vir die doel om die sake van die Maatskappy te ondersoek, die eise van skuldeisers te bepaal, of vir enige ander rede.

5. Die Likwidateurs is en word hiermee gemagtig om met hul uitsluitlike en absolute diskresie die dienste van ‘n prokureur en/of advokaat (senior of junior) en/of boekhouers en/of rekenkundige beamptes en/of enige werknewer van die Maatskappy en/of opsporingsagente en/of enige persoon, wat met die uitsluitlike diskresie van die Likwidateurs van hulp mag wees met die administrasie van die Maatskappy met betrekking tot enige aangeleentheid soos in paragraaf 4 hierbo, te bekom en om hulle koste uit die fondse van die Maatskappy as ‘n koste van administrasie te betaal.

6. Die Likwidateurs is en word hiermee gemagtig om enige gelde aan die Maatskappy verskuldig te vorder en om vir hierdie doel enige deel van hierdie skulde soos nodig te verkoop en/of te skik, en om betaling van enige deel van die skuld in volle en finale vereffening te aanvaar en om verlenging van die tydperk om die skuld te betaal toe te staan en om enige skuld wat, volgens hul diskresie oninvorderbaar is, te abandoneer.

7. Die Likwidateurs is en word hiermee gematig om enige roerende of onroerende bate van die Maatskappy, welke bate in hul besit is of onder hul beheer of welke bate in die toekoms in hul besit of onder hul beheer sal kom, by wyse van openbare veiling, privaataanbod of openbare tender op die terme en voorwaardes soos met hul uitsluitlike en absolute diskresie bepaal, van die hand te sit en om enige sodanige bates waarvoor hulle geen koper kan vind nie te abandoneer aan ‘n versekerde skuldeisers vir die waarde daarop geplaas deur sodanige skuldeisers teen ‘n waarde soos ooreengekom deur die Likwidateurs en die skuldeiser as sodanige skuldeiser se eis verseker is deur hierdie bates en om alle nodige dokumente te teken om hierdie vervreemding van krag te maak.

8. Die Likwidateurs is en word hiermee gemagtig om met hul uitsluitlike en absolute diskresie skikkings aan te gaan en enige eise teen die Maatskappy, van welke aard ookal en voortspruitend uit enige oorsaak, hetsy betwis aldan nie en hetsy werklik, voorwaardelik, onvoorwaardelik, toekomstig, aangeslaan, onaangeslaan,

likied aldan nie as ‘n gelikwideerde vordering in gevolge artikel 78(3) van die Insolvensiewet Nr. 24 van 1936, soos gewysig, gelees met die bepalinge van Artikel 339 van die Maatskappyewet Nr. 61 van 1973, soos gewysig, vir ‘n bedrag, soos ooreengekom deur die Likwidateurs, toe te laat op voorwaarde dat die eis op ‘n vergadering van skuldeisers vir bewys daarvan aangebied is.

9. Die Likwidateurs is en word hiermee gemagtig om ses maaande na die bekragtiging van die Finale Likwidasie- en Distribusie- en/of Kontribusierekening, aansoek te doen om die boeke en rekords van die Maatskappy te vernietig.

10. Die Likwidateurs is en word hiermee gemagtig om enige handeling uit te voer of om enige magte uit te oefen waarvoor die toestemming van die Hof nie uitdruklik nodig is soos uiteengesit in die Wet nie.

11. Die Likwidateurs is en word hiermee gemagtig om enige geskil rakende die Maatskappy of enige eis of aanmaning deur of teen die Maatskappy aan arbiters voor te lê om besleg te word.

12. Die Likwidateurs is en word hiermee gemagtig om enige aspek van die besigheid van die Maatskappy voor te sit of te staak in soverre dit tot voordeel van die administrasie van die boedel mag strek.

13. Die Likwidateurs is en word hiermee gemagtig om *mutatis mutandis* die magte wat in terme van Artikel 35 (onvoltooide verkryging van onroerende eiendom voor datum van likwidasie) en 37 (uitwerking van likwidasie op ‘n huurkontrak) van die Insolvensiewet Nr. 24 van 1936, soos gewysig, gelees met die bepalinge van Artikel 339 van die Maatskappywet Nr. 61 van 1973, soos gewysig, aan die Likwidateurstoegeken word, uit te oefen.

14. Hiermee gee die krediteure toestemming dat die Likwidateurs se vergoeding getakseer deur die Meester van die Hooggeregshof in terme van Artikel 384 van die Maatskappye Wet teen **die hoer bedrag van:**

    14.1 die voorgeskrewe tarief soos omvat in Aanhangsel CM104 van die Likwidasie Regulasies tot die Wet;

    14.2 die verhoogde omvang van werk gedoen deur die Likwidateurs in terme van die werklike tyd spandeer deur hul of hul personeel in die uitrig van hul pligte in die administrasie van die boedel soos gereflekteer in die tydstate van die tarief van die onderskeie professionele en administratiewe personeel en wat geag word “good cause” vir die verhoging van die vergoeding.

15. Die vergoeding verwys na in paragraaf 14 hierbo mag verder verhoog word gebaseer op aspekte soos:

    15.1 die ingewikkeldheid van die spesifieke boedel;

15.2 die graad van ingewikkeldheid wat ondervind word deur die Likwidateurs in die administrasie van die boedel; en

15.3 spesifieke ingewikkeldhede ondervind deur die Likwidateurs as gevolg van die aard van die bates of ander faktore wat verband hou met die likwidasie.

16. Die verdure administrasie van die aangeleenthede van die Maastskappy in die hande van die Likwidateurs gelaat word.

______________________________ ______________________________

**q.q. CREDITORS**